Ontmoeting 5

Petrus in die tronk

Kinders leer dat alles vir God moontlik is

Teks: Handelinge 12:1–19
Hulpmiddels:

- ħ Paar groot sandale, ħ gordel (belt) en ħ jas
- ħ Blaaibord/plakkaat met verskillende kleure koki's of ħ swartbord met verskillende kleure bordkryt
- Vir tronk koekies: Tennisbeskuitjies, Pretzel stokkies, dik aangemaakte versiersuiker, teelepel om mee te skep, "Jelly babies"
- Vir die boeie: stroke papier met die woorde van Matteus 19:26 daarop gedruk/geskryf, krammasjien/kleeflint/gom, kryte/potlode

Welkom

Luister fyn: Laat die groep in ħ sirkel sit. In die middel van die sirkel lê daar ħ paar sandale, ħ gordel en ħ jas. Verduidelik aan die groep dat julle ħ uitdaging gaan doen. Die uitdaging werk soos volg: Almal moet draai sodat hulle rûe na die middel van die sirkel wys en hulle moet hul oë styf toe maak. Een persoon word gekies om "aan" te wees. Die persoon wat "aan" is, moet so vinnig en stil as moontlik die sandale, jas en gordel aantrek sonder dat die res van die groep hoor hoe hy/sy dit aantrek. Die res van die groep se uitdaging is om fyn te luister vir enige geluide wat die persoon wat "aan" is, maak terwyl hy/sy aantrek om hom/haar sodoende uit te vang. As iemand in die groep enige geluid hoor, moet hy, steeds met sy oë toe, sy hand opsteek en sê watter geluid hy gehoor het, bv. "Ek het gehoor hoe die gordel vasgemaak word." As die persoon reg gehoor het, is dit sy beurt om "aan" te wees.

Doen hierdie uitdaging vir ħ paar rondtes soos wat julle tyd dit toelaat.
Gesels hierna oor die volgende vrae:

- Hoe was dit vir julle om te probeer aantrek sonder om ħ geluid te maak?
- Is dit moontlik om so stil aan te trek dat niemand jou hoor nie?

Wyding

Stilword-ritueel: Kinders staan met oë toe vir gebed.

Raak aan jou voete en sê vir God dankie dat jy kan gaan waar Hy jou stuur.

Raak aan jou hande en sê vir God dankie dat jy ander kan help.

Raak aan jou mond en sê dankie dat God vir jou woorde gee om vriendelik en gaaf te wees met ander.

Raak aan jou ore en sê vir God dankie dat jy vir ander kan tyd maak en na hulle verhale luister.

Raak aan jou oë en sê vir God dankie dat jy mense kan raaksien wat swaarkry.

Raak aan jou kop en sê vir God dankie dat jy planne kan maak om jou vriende te help.

Raak aan jou hart *(sit jou hand op jou bors)* en sê vir God dankie dat jy sy kind is en dat Hy jou lief het.

Woord

(Gesels oor die verhaal van Handelinge 12:1-19 met die groep terwyl jy ŉ paar sketse maak om die groep se aandag te behou.)

Sketsblokkie 1:

"Wie onthou iets van Petrus?"

(Teken ŉ rooi stokmannetjie van Petrus. Soos wat die groep feite oor Petrus noem, teken dit in ŉ ander kleur by.)

"Petrus was een van Jesus se dissipels wat vir mense van Jesus vertel het."

(Teken 11 stokmannetjies by wat die dissipels verteenwoordig.)

Sketsblokkie 2:

"In daardie jare het daar ŉ koning met die naam Herodes geleef, wat mense wat vir Jesus gevolg het, gearresteer en in die tronk gegooi het."

(Teken weer vir Petrus as ŉ rooi stokmannetjie en teken minder dissipels rondom hom.)

Sketsblokkie 3:

"Herodes het Jakobus, een van Jesus se dissipels, ook gevang en laat doodmaak. Die Jode het so baie daarvan gehou dat Herodes sommer vir Petrus ook gevang en in die tronk gegooi het."

(Teken ŉ rooi stokmannetjie vir Petrus en tralies bo-oor hom.)

"Herodes wou vir Petrus so goed bewaak, dat hy 16 wagte om sy sel gesit het om hom op te pas."

(Teken vier stokmannetjies by elke hoek van die tronktralies.)

"Dink julle dat Petrus kon ontsnap met al hierdie wagte rondom hom*?" (Gee kans vir terugvoering.)*

"Petrus het niks gedoen om te probeer ontsnap nie. Hy het vertrou dat die Here hom sou help. Terwyl Petrus in die tronk was, het die gemeente die hele tyd vir hom gebid. Hoe dink julle het Petrus die nag voor sy hofsaak gevoel?" *(Gee kans vir terugvoering.)*

"Die nag voor Petrus se hofsaak het hy tussen 2 soldate geslaap en was hy vasgeketting met boeie."

(Teken 2 soldate aan weerskante van Petrus. Teken kettings aan Petrus se hande en maak ŉ paar "z' e" by die mannetjies om aan te dui dat hulle slaap.)

Sketsblokkie 4:

"Skielik het daar ŉ engel in die sel verskyn. Die engel het aan Petrus se sy gevat om hom wakker te maak. Toe Petrus opstaan, het sy boeie afgeval. Die engel sê vir hom: 'Trek dadelik jou skoene, gordel en bo-kleed aan en volg my.' Petrus het die engel verby die eerste en tweede wag gevolg, terwyl hulle vas aan die slaap was. Hulle het tot by die ysterhek van die tronk geloop wat vanself oopgegaan het."

(Teken die tronk met die slapende soldate en die rooi Petrus stokmannetjie en die engel wat buite die sel staan.)

Sketsblokkie 5:

"Nadat Petrus ŉ entjie in die straat af gestap het, het die engel skielik verdwyn. Petrus het toe eers werklik besef dat die Here Sy engel gestuur het om hom te bevry. Met dié gedagte is hy na die huis van Maria, die moeder van Johannes, waar ŉ klomp gelowiges bymekaar was om te bid."

(Teken ŉ huis met ŉ pad en die rooi Petrus stokmannetjie op die pad.)

Sketsblokkie 6:

"Toe Petrus by die huis kom, klop hy aan die deur en ŉ diensmeisie met die naam Rodé het gaan hoor wie by die deur is."

(Teken Petrus naby die deur van die huis en ŉ stokmannetjie met ŉ rompie aan by die deur.)

"Rodé het Petrus se stem herken en was so opgewonde dat Petrus by die deur was dat sy skoon vergeet het om die deur vir hom oop te maak. Sy het net dadelik na die ander mense gehardloop om hulle te vertel dat Petrus by die deur is. Niemand het haar egter geglo nie. Party het gedink dat sy haarself verbeel het of dat die enigste manier hoe dit waar kon wees, was dat dit Petrus se gees was."

Sketsblokkie 7:

"Petrus het aangehou klop. Toe hulle uiteindelik die deur oopmaak, was hulle baie verbaas om vir Petrus te sien."

(Terwyl jy dit vertel, teken ŉ klomp gesiggies met ronde monde en groot oë.)

“Petrus het vir hulle alles vertel wat gebeur het en gesê dat hulle hierdie storie vir die ander gelowiges moet gaan vertel. Daarna het hy hulle verlaat en na ‘n ander dorp gegaan, want hy het geweet dat die soldate hom sou kom soek.”

Kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder watter deel van die verhaal staan vir jou uit.
2. Ek wonder wat dink jy is die belangrikste deel van die verhaal.
3. Ek wonder wie sou jy graag in die storie wou wees.
4. Ek wonder met wie kan jy hierdie week die Goeie Nuus deel.

Werskaf

- Tronk koekies: Deel vir elke groepslid 2 tennisbeskuitjies, ‘n paar pretzel stokkies, 3 jelly babies en ‘n bietjie versiersuiker uit. Laat elkeen hulle eie koekie-tronk bou deur een van die tennisbeskuitjies as ‘n basis te gebruik. Plak die pretzel stokkies met versiersuiker regop op die basis om die tralies te vorm. Sit 3 jelly babies in die middel van die tronk om vir Petrus en die 2 soldate voor te stel. Gebruik die laaste tennis beskuitjie en plak dit bo-op die pretzel stokkies met versiersuiker om die tronk se dak toe te maak.

- Boeie: Deel vir elke groepslid ‘n paar stroke papier uit met die woorde van Matteus 19:26 daarop. Laat hulle op die ander kant van die papier iets skryf/teken wat hulle dink vir hulle onmoontlik is. As hulle dit klaar gedoen het, maak ‘n lang papierketting met almal se stroke papier. Terwyl die groep besig is om hulle kettings te maak, lees Matteus 19:26 ‘n paar keer hardop. As die ketting klaar is, laat die groeplede ‘n sirkel vorm en elke groeplid moet ‘n deel van die ketting vashou. Laat almal die vers saam sê: “Vir mense is dit onmoontlik, maar vir God is alles moontlik.” As hulle dit klaar gesê het, is dit tyd om die kettings te breek om ons te help onthou dat God enigiets kan doen.

Sluit af met die seënbede

Matteus 19:26: “Vir mense is dit onmoontlik, maar vir God is alles moontlik.”